

HOE OM KINDERMISHANDELING UIT TE KEN

Ek is so jammer dat jou ouers en jou niggie Karen se ouers almal in die motorongeluk dood is. In hulle testament het jou ouers ons aangestel as jou voogde. Jy sal by my en tannie Irene bly, en Karen sal by tannie Monica en oom Jeff gaan bly.



Ek is so jammer dat jou ouers en jou niggie Emily se ouers almal in die motorongeluk dood is. Jy sal by my en oom Jeff bly en Emily sal by tannie Irene en haar kêrel oom Markus bly.



Emily, ek het jou gesê om vir my bier en sigarette te gaan koop.

Maar ek is besig met my huiswerk en ek moet nog die huis skoonmaak voordat tannie Irene van die werk af kom.



Probeer jy vir my sê wat om te doen? Dink jy ons gee vir jou kos en 'n dak oor jou kop vir niks? Jy sal doen wat ek sê, NOU!!




Goed, goed, ek sal gaan. Moet my asseblief net nie weer slaan nie.



Geen kos vir jou vanaand nie.

En so gaan dit aan. Emily word daagliks mishandel. Markus, haar tannie se kêrel, slaan haar elke dag. Hy laat haar ook baie in en om die huis werk. Daar is niks mee verkeerd om kinders te vra om met huishoudelike takies te help nie, maar Markus gee vir Emily soveel werk dat sy soms nie kan skool toe gaan nie en nie tyd het om te rus of te speel nie. Dis nie aanvaarbaar nie. Markus behandel Emily ook baie anders as sy eie kinders. 'n Seker teken van kindermishandeling is as een kind anders as die ander kinders in 'n huishouding behandel word. Emily is baie ongelukkig. In die aande wanneer sy vir haarself 'n bed op die vloer regmaak, wonder sy dikwels hoe dit met haar niggie by hulle ander tannie gaan.



Karen, waar is jou oom?

Ek dink hy is winkel toe.



Hy het vir my gesê hy het nie geld nie. Ek moes geld by Rita leen om kasino toe te gaan gisteraand. Hy sal jammer wees oor hy vir my gejoj het.



Ag nee! Ek moet vir oom Jeff sê sy is kwaad. Miskien kan hy die kos wegsteek wat hy vir ons gekoop het en voorgee dat hy nie geld gehad het nie.



Liefie, ek is by die huis.



Jy het vir my gejoj. Ek wou geld gehad het om kasino toe te gaan. Daar was brood in die huis. Dit was genoeg vir jou en Karen. Ek eet vanaand uit saam met vriende. Julle het nie ander kos nodig nie.



En so sien Karen nog 'n argument wat uitloop op 'n bakleery. Monica het nog nooit aan Karen geslaan nie. Maar dit is 'n vorm van kindermishandeling as jy jou skuldig maak aan fisieke, seksuele of sielkundige geweld teenoor iemand anders waar 'n kind dit kan sien of beleef. Karen is so bang vir haar tannie dat sy haarself amper elke nag in haar kamer toesluit. Sy huil en wens haar ouers het nog gelewe. In die aande wonder sy dikwels hoe dit met haar niggie by hulle ander tannie gaan.



Oom Jeff, ek is lief vir Oom en vir tannie Monica, maar dit is vir my baie sleg as sy vir Oom slaan. Sal Oom nie asseblief met ons pastoor praat oor wat gebeur nie? Miskien kan hy ons help.

Nee, jy mag dit nooit vir iemand vertel nie. Jou tannie is lief vir ons altwee. Dit maak nie saak nie. Dit was my skuld, want ek het vir haar gejok.



Maar ek leer van huishoudelike geweld by die skool. Mans sowel as vrouens kan slagoffers van huishoudelike geweld wees. Wat in ons huis gebeur, is huishoudelike geweld. Ons moet hulp kry.

Nee, ons mag dit nooit vir enigiemand vertel nie.

Dit kan moeilik wees vir kinders om hulp te vra as hulle hulle in situasies van mishandeling bevind, omdat dit nie vir hulle maklik is om met 'n volwassene daarvoor te praat nie. As die kind wel hulp vra en die volwassene wil nie na hom luister nie, kan hy dalk nie die moed hê om op ander plekke te gaan aanklop om hulp nie. Jeff ondervind ook huishoudelike geweld, en dit kan vir 'n slagoffer baie moeilik wees om openlik daarvoor te praat. Maar dit is sy plig om vir Karen te sorg. Hy moet hulp kry vir homself en vir sy susterskind.

Intussen raak die lewe vir Emily ondraaglik. Sy kon vir twee weke nie skool toe gaan nie, omdat haar tannie se kêrel haar herhaaldelik geslaan het.

Die wiskunde-onderwyser, mnr. Klaazen, is baie bekommerd oor Emily. Hy kan nie verstaan hoekom sy nie skool toe kom nie. Hy besluit om na Emily se huis toe te gaan om te sien hoe dit met die gesin gaan.



LATER DIE DAG BESOEK 'N MAATSKAPLIKE WERKER DIE GESIN. SY VRA OM ALLEEN MET EMILY TE PRAAT.

Ek wil jou graag help. Sê vir my wie dit aan jou gedoen het.

Oom Markus. Hy soek altyd redes om my te slaan. Tannie Irene is by die werk as hy my slaan. Sy werk lang ure en kom eers laat in die aand by die huis. Oom Markus is altyd kwaad vir my en slaan my of weier om vir my kos te gee.

Ek is bly ons weet nou hiervan. Ons sal 'n einde maak aan die geweld. Ons sal vir jou 'n ander blyplek kry terwyl ons die saak ondersoek.

Kan ek asseblief by my niggie Karen gaan bly? Sy bly by tannie Monica. Ek mis haar baie. Ons het mekaar maande laas gesien al woon ons in dieselfde dorp.

EMILY

DIE MAATSKAPLIKE WERKER BESOEK
KAREN BY MONICA EN JEFF SE HUIS.

Ek is 'n maatskaplike werker van die Vroue- en Kinderbeskermingseenheid. 'n Onderwyser by Emily se skool het vir ons kom sê dat Emily mishandel word. Ek hoor haar niggie Karen bly by jou en jou man.

Karen is 'n pragtige kind. Ons het geen probleme met haar nie. Ons is 'n baie gelukkige gesin.

Mag ek asseblief met Karen praat?



Help my asseblief. My tannie slaan my oom. Sy doen niks aan my nie, maar ek is bang sy gaan my dalk ook eendag slaan.

Dit is 'n vorm van kindermishandeling as jy jou skuldig maak aan fisieke, seksuele of sielkundige geweld teenoor iemand anders waar 'n kind dit kan sien of beleef. Ek is bly jy het my hiervan vertel. Ek sal jou kan help.



WAT IS KINDERMISHANDELING?

1. Kindermishandeling is die verontregting van 'n kind. Kinders kan mishandel word deur mense wat hulle ken soos gesinslede of mense in die gemeenskap, of deur vreemdelinge.
2. Daar is baie verskillende soorte mishandeling. Dit sluit fisieke, seksuele, ekonomiese en sielkundige dade van geweld in.
3. As 'n kind deur gesinslede mishandel word, praat ons van huishoudelike geweld. Dit is ook huishoudelike geweld as 'n kind sien hoe 'n gesinslid fisiek, seksueel of sielkundig mishandel word.

WAT KAN JY AS KIND DOEN AS JY MISHANDEL WORD?

1. Praat met 'n volwassene of 'n vriend wat jy kan vertrou. Dit kan 'n gesinslid, 'n onderwyser of 'n pastoor wees.
2. Vra die volwassene of vriend om jou te help om met 'n maatskaplike werker, 'n Vroue- en Kinderbeskermingseenheid of die polisie in aanraking te kom. Jy kan ook 'n maatskaplike werker of polisiebeampte self kontak.
3. As jy niemand kan kry om jou te help nie of jy weet nie wat om te doen nie, skakel Lifeline/Childline gratis by 116. Hulle kan vir jou raad gee.

WAT OM TE DOEN AS JY WEET 'N KIND WORD MISHANDEL

Rapporteer die saak by 'n maatskaplike werker, 'n Vroue- en Kinderbeskermingseenheid of die polisie.

As jy 'n opmerking of 'n vraag oor hierdie strokiesprent het, kontak die Legal Assistance Centre:

SMS: 081-6000098

E-pos: info@lac.org.za

Faks: 088-613693

Posadres: Posbus 604 Windhoek

Ons wil graag weet wat jy van hierdie strokiesprent dink.



Konsep: YOLANDE ENGELBRECHT

Vertaling: LOCHNA MEESER

Illustrasies, ontwerp en uitleg: DUDLEY VIALI en PERRI CAPLAN

Projektoesig: RACHEL COOMER en DIANNE HUBBARD

Finansiering: NEDERLANDSE MINISTERIE VAN BUITELANDSE SAKE, MDG3-FONDS

Drukwerk: JOHN MEINERT PRINTING (EDMS) BPK

Uitgewer: GENDER RESEARCH & ADVOCACY PROJECT, LEGAL ASSISTANCE CENTRE, 2011

Hierdie strokiesprent mag vryelik gekopieer word vir opvoedkundige doeleindes op voorwaarde dat erkenning aan die bron gegee word.

'n Elektroniese weergawe van hierdie publikasie is beskikbaar op die LAC-webwerf: www.lac.org.za